Maandag 24 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:4, 5

Die Blye Boodskap kom in die krag van die Heilige Gees

Die krag van God wat duidelik in die bekering van die gemeente van Tessalonika na vore kom, is die grond vir die groot dankbaarheid van die medestigters van hierdie gemeente.

God het, omdat Hy hulle uitverkies het (vs 4), die evangelie met die krag van die Heilige Gees aan hulle verkondig (vs 5). Dit het daartoe gelei dat hulle hul sonde besef het, asook hulle groot behoefte aan ’n Verlosser om hulle uit hierdie staat van onkunde, verdorwenheid, swakheid en ellende te verlos, en om hulle tot ware berou te lei.

Die gevolg van hierdie woorde wat God aan hulle deur Paulus gebring het, was dat hulle navolgers met ’n blydskap wat van die Heilige Gees kom, ge-word het. Hulle was ’n voorbeeld vir almal. Hulle was kanale en klankborde wat die evangelie deur hulle dankbare lewens ge-eggo het. Hulle het hulle só tot die ware God bekeer dat hulle nie kan wag nie dat “God se Seun moet terugkom uit die hemel, God het die Seun weer laat lewe. Die Seun is Jesus, Hy sal ons red wanneer God eendag die mense sal oordeel” (1:10, *Bybel vir Almal*).

Het ons die evangelie al so gehoor dat dit ons aanvuur tot ’n lewe van dankbare getuienis teenoor almal wat God op ons pad geplaas het?

Sing: Psalm 95:5 (1936)

Ds. Simon Hibbert (Koster)